LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

13-11-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 39 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

*** Kwartaalprogram het al die belangrike datums op ***

1 **JAARBLAD:**
Jaarblaaie kan by registerklasse bestel word teen R170 vir die spogblad met al die foto's van die jaar.

2 **KULTUURAAND 2018:**
- Ons jaarlikse Kultuuraand vind plaas op 16 Februarie 2018 saam met Coenie de Villiers. Daar is **slegs** nog die volgende tafels beskikbaar:
  2 x 14 sitplek tafels en 5 x 12 sitplek tafels.
  Kontak vir Christa de Wet by 0842068902 vir enige navrae.
- **KELNERS**:
  Die Gr 6 leerders se kelner-gelde van R150 moet asb so gou as moontlik inbetaal word by Mev Chrisna Meyer.

3 **SKOOLGELDE:**
- **DEBIETORDERS**:
  Aangeheg is 'n debietvolmagvorm indien u daarvan gebruik wil maak vir 2018 om in aanmerking te kom vir die 2,5% korting. Ouers wat in 2017 'n debietvolmag onderteken het, sal gekontak word om u volmag te verleng.
- **SKOOLGELDE 2018:**
  Indien u u skoolgelde vir 2018 voor of op 31 Desember vereffen, kry u 'n 5% korting op die rekening.
- **Neem kennis dat alle kortings 'n vergunning is vanaf die BL en nie 'n gegewe nie**.

- Ouers kan reeds vir 2018 aansoek doen vir vrystelling van skoolgelde. Die nodige dokumentasie is by Mev Chrissie Maré beskikbaar, waar u dit persoonlik moet kom afteken.
- Indien u in 2018 probleme ondervind om u skoolgelde op datum te hou, kontak asb. onmiddellik vir Mev Chrisna Meyer om die nodige reëlings te tref.

4 **VOLKIE NUUSBULLETIN**:
Stuur asb al die buite-sport inligting aan na helenebotha@laervolkskool.co.za vir ons kwartaal se koerantjie voor of op 22 November 2017.

5 **RUGBYPROEWE**:
Die 0/11 en 0/12 seuns het Donderdag, 23 November vanaf 13:30 tot 14:30 rugbyproewe op ons skool se velde.

6 **ATLETIEK OEFENING:**
Die atletiekoefening verander vanaf Dinsdag, 14 November 2017 na die volgende tye:
Verspring, Hekkies en Hoogspring oefen vanaf 13:15 tot 14:15 by Hoër Volkskool.
Langafstande oefen vanaf 14:30 by Hoër Volkskool.
Gewigstoot oefen vanaf 13:15 tot 14:15 op Woensdae en Donderdae by ons skool.

7 **SKRYFBEHOEFTES**:
Die skryfbehoefte- lyste vir 2018, wat as 'n riglyn gebruik kan word, is beskikbaar op die webblad.

8 **NASKOOLSENTRUM**:
Indien u belangstel om u kind in die skool se Naskoolsentrum in te skryf, kan u 'n aansoekvorm op die webblad kry of by die navraekantoor. Voltooi dit volledig en stuur terug na Mev Chrisna Meyer voor of op 24 November 2017.

9 **SKOOLTYE:**
- Leerders mag vanaf Maandag, 13 November om 13:00 verdaag.
- Leerders moet asb. nie onnodig uitgeteken word nie.

10 **TROFEë**:
Al die trofeë moet asb. voor of op 30 November 2017 by Interjewel ingehandig en betaal wees vir grafering of indien u dit elders doen, moet dit teen 30 November 2017 terug wees by die skool.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF